Muse lei skilder na Kambodja

Carla Venter

'n Pretorianer wat haar verfkwas al die pad tot in Kambodja gevolg het, het pas teruggekeer van dié land met sakke vol inspirasie.

Daleen Roodt (25), 'n opkomende kunstenaar, het verlede maand 10 dae lank in Kambodja gaan toer as deel van 'n projek waardeur jong kunstenaars die geleentheid gegee word om 'n bydrae te lewer tot 'n kunsversameling.

Roodt, wat geen formele kunsopleiding het nie, is sowat twee jaar gelede deur die maatskappy Legacy genader om botaniese skilderye vir hul kunsversameling te maak.

Volgens mnr. Cobus du Plessis, 'n direkteur van Legacy, wil hulle vir jong kunstenaars geleenthede bied.

"Ons versamel kuns sedert die sewentigs en het in 2004 besluit om jong kunstenaars te betrek en hulle die geleentheid te gee om naam te maak," sê hy.

Roodt het reeds meer as 50 gedetailleerde botaniese skilderye vir Legacy se kunsversameling gemaak. Sy fokus op veldblomme en sampioene in dié werke.

Dié skilderye word van 9 Februarie aanstaande jaar by The Orient Hotel buite Pretoria uitgestal.

"Ek is nou 'n voltydse kunstenaar te danke aan Legacy se projek," sê Roodt.

Sy vertel dat die tempels van Kambodja haar geïnspireer het en sy werk tans aan skilderye om die prag van 'n antieke stad in die land uit te beeld.

"Dit het gevoel of ek sweef toe ek daar aankom. My liggaam kon nie al die prag om my verwerk nie. Eers na 'n ruk kon ek werklik alles inneem. Dit was ook die eerste keer dat ek oorsee was," sê sy.

Lynne-Marie Eatwell, 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar wat in Amerika woon, was saam met haar in Kambodja en is ook deur Legacy 'n opdragwerk gegee om dié land se landskap vas te vang. Sy en Roodt beplan om later 'n gesamentlike uitstalling te hou.

Die reis is deur Gert Basson, 'n rolprentvervaardiger van M-Net, gedokumenteer.

Roodt sê die besoek het haar hele uitkyk op haar kuns verander en sy sien uit na die werk wat voorlê. "Ek het reeds begin met die Kambodja-werke en ek kan sien hoe ek gegroei het as kunstenaar. Dié werk is baie anders as my botaniese werke omdat dit vryer is en ek mense in my skilderye inbring," sê sy.

Me. Lynne-Marie Eatwell, 'n kunstenaar wat in die VSA woon, en me. Daleen Roodt, 'n skilder van Pretoria, bekyk die landskap in Kambodja. Hulle het dié land onlangs besoek om inspirasie te kry vir 'n reeks skilderye.